**4 - 8 Mei 2020**

**Loopbaanvelde: Eienskappe en skoolvakke wat met elke loopbaanveld verband hou ( p. 64 – 69 )**

**Les 3**

Uitkoms van hierdie les:

In hierdie les fokus die inhoud om die leerder op die verskeie loopbane wat daar is en dat hulle reeds nou al aan verskeie goed moet dink om eendag reg te wees vir hul loopbaan. Die werk in die les is baie meer uitgebrei as in die handboek dus baie belangrik vir assesserings en take in die toekoms. Werk moet opgesom word in werkboeke. Geen aktiwiteit hierdie week nie. Gebruik kleur en wees kreatief met opsommings.


**Loopbaanvelde**

Voordat jy besluit watter loopbaanveld om te volg:

- Moet jy ‘n goeie idee hê van wie jy is en wat jy uit lewe wil hê.
- ‘n Goeie plek om te begin is om op jou sterk punte te bou.

Die volgende bepaal watter soort werk by jou sal pas:

- Jou persoonlikheid.
- Jou belangstellings.
- Jou vermoëns.
- Jou waardes.




Jou persoonlikheid bestaan uit:

- Fisieke eienskappe.
- Geestelike eienskappe.
- Emosionele eienskappe.
- Sosiale eienskappe.

Die volgende vorm jou persoonlikheid:

- Voorkeure en afkeure. (Waarvan jy hou en waarvan jy nie hou nie.)
- Sterk punte en swakhede.
- Hoe jy aantrek en die manier waarop jy jouself uitdruk.

Jou waardes (dinge wat die belangrikste in jou lewe is) sluit goed in soos:

- Jou gesinslewe.
- Jou geborgenheid.(gevoel van jy is deel van ‘n groep)
- Geld
- Leierskap
- Gesonde leefwyse, ens.

Waaraan om te dink:

- Jy moet aan skoolvakke dink - watter vakke geniet jy; in watter is jy goed?
- Dit sal jou ‘n aanduiding gee van watter soort loopbaan jy sal geniet en goed in sal wees.
- ‘n Goeie beginpunt - kyk na verskillende soorte loopbane wat beskikbaar is.

Loopbane word in loopbaanvelde gegroepeer volgens:

- Die tipe werk wat gedoen word.
- Die vermoëns wat nodig is om die werk te doen.

**Verskillende loopbaanvelde**

- p. 64 in handboek is ook voorbeelde

- Landbou
- Toegepaste en beeldende kunste
- Bou en konstruksie
- Spyseniering en gasvryheid.
- Klerklik en sekretarieel.
- Handwerk.
- Onderwys en ondersteuningsdienste.
- Elektriese infrastruktuur.
- Ingenieurswese.
- Algemene dienste.
- Gesondheids- en Gesondheidsondersteuningsdienste.
- Inligtingstegnologie.
- Regte en Wetstoepassing.
- Taal en kommunikasie.
- Bestuur en beplanning.
- Bemarking en verkope.
- Numeries en finansieël.
- Uitvoerende kunste.
- Sosiale wetenskappe.
- Sport.
- Toerisme.
- Ambagte.
- Wetenskap en wiskundige wetenskappe.






















**Eienskappe wat met elke veld verband hou**

- Loopbane word in loopbaanvelde gegroepeer op grond van soortgelyke eienskappe.
- Jy moet probeer om die eienskappe van 'n bepaalde loopbaan by jou persoonlike belangstellings en vermoëns te pas.

**Belangstellings:**

- Die dinge wat jou fassineer en jou aandag trek. Jy kan jou belangstellings beskryf as die aktiwiteite wat jy regtig geniet en meer van wil weet.
- Jy hoef nie 'n aanleg vir iets te hê om daarin belang te stel nie.
- Jy kan belangstel in musiek en baie kunstenaars/groepe, asook die woorde van liedjies ken, maar jy kan nie sing of 'n musiekinstrument bespeel nie.
- Jy stel belang in musiek, maar om te sing of 'n instrument te bespeel is nie een van jou vermoëns nie.
- Vermoëns, die dinge waarmee jy goed is, jou talente.
- Punte wat jy vir skoolvakke kry, gee 'n goeie aanduiding van jou vermoëns.

**Vermoëns val in een van die volgende kategorieë:**

- Werk met getalle.
- Werk met mense en in spanne.
- Werk aan tegniese projekte.
- Werk in 'n skeppende veld.
- Wanneer jy 'n loopbaanveld kies, moet jy oor jou vermoëns dink.
- As jy skaam is en verkies om probleme op jou eie uit te sorteer, sal jy nie 'n loopbaanveld kies waar jy voor groot groepe mense moet praat nie.
- Kies byvoorbeeld eerder werk waar jy op jou eie in 'n laboratorium werk.

**Loopbane in die klerklike en sekretariële loopbaanveld**

| | |
|---|---|
| • Administratiewe beampte | Rekenaaroperateur |
| • Vraghanteerder | Maatskappysekretaris |
| • Kredietkontroleerder | Persoonlike assistent |
| • Kopieermasjienoperateur | Poskantoorklerk |
| • Telefoonoperateur | Voorraadkontroleur |
| • Skakelbordoperateur | Reisagent |
| • Ontvangsdame | Sekretaresse |
| • Bankklerk | Datavaslegger |

- Klerklike loopbane het al hoe belangriker geraak as gevolg van die vinnige pas en mededingendheid van die sakewêreld, en maatskappye se behoefte om glad te funksioneer.

Mense wat hierdie loopbane kies:

- Is goed georganiseerd, sistematies en metodies in die manier waarop hulle hul take verrig.
- Beskik oor goeie mensvaardighede en geniet dit om ‘n ondersteunende rol in sakeondernemings te speel.
- Geniet dit om met rekenaars en administratiewe stelsels te werk.
- Het die vaardigheid om met verskillende rekenaarsagtewareprogramme te werk.

**Skoolvakke wat vir elke loopbaanveld van belang is.**

- Sekere skoolvakke is ‘n voorvereiste vir sekere loopbaanvelde.
- Aan die einde van Graad 9 sal jy moet kies watter vakke jy van Graad 10 tot 12 wil bestudeer.
- Dink mooi oor watter vakke jy wil kies omdat jou keuse jou loopbaanmoontlikhede sal beïnvloed.

Watter skoolvakke vir watter loopbaanvelde vereis word.

- Toegepaste en beeldende kunste - Skeppende Kunste, Sosiale Wetenskappe, Lewensoriëntering.
- Bou en konstruksie - Wiskunde, Tegnologie, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Sosiale Wetenskappe, Lewensoriëntering.
- Handwerk - Skeppende Kunste, Lewensoriëntering.
- Ingenieurswese.- Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Lewensoriëntering.
- Gesondheidsondersteuningsdienste - Wiskunde, Natuurwetenskappe, Lewensoriëntering.
- Regte - Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Sosiale Wetenskappe, Lewensoriëntering.
- Bestuur en beplanning - Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Lewensoriëntering.
- Bemarking en verkope - Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Lewensoriëntering.
- Uitvoerende kunste - Skeppende Kunste, Lewensoriëntering.
- Wetenskap en wiskundige wetenskap - Wiskunde, Natuurwetenskappe, Lewensoriëntering.
- Sport - Lewensoriëntering.
- Ambagte - Tegnologie, Lewensoriëntering.

